

17 Junie

Skrifgedeelte: Filippense 1:1-11
Fokusgedeelte: DL, VD 2:3

Jesus het alles vir my gedoen!

Die dwaalleraars het beweer dat Christus vir niemand met sekerheid die saligheid verdien het nie, ook nie die geloof wat nodig is om gered te kan word nie. Hy het net die mag vir die Vader verwerf om weer nuwe voorwaardes vir verlossing daar te stel. Of iemand gered word of nie hang dus van sy eie vrye wil af. Die Sinode het hierdie leer verwerp, want die Bybel sê dat Jesus alles vir my gedoen het. Hy het selfs die geloof aan my gegee om in Hom te glo. As Hy nie deur sy Gees geloof aan my gegee het en my wou verander het nie sou ek teen Hom en vir die sonde gekies het.

Aan die Filippense skryf Paulus (vers 6) dat hy daarvan oortuig is “dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit enduit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom”. God het dus die goeie werk in ons begin en Hy sal dit ook klaarmaak. Hy doen dit deur sy Seun en deur sy Gees en deur sy Woord. Die mens self kan dit nie doen nie. Christus het dus met sekerheid die saligheid vir my verdien, ook die geloof wat nodig is om gered te kan word. Genadiglik hang my redding dus nie van my vrye wil af nie, maar van God se genade in Christus!

Deur Hom en deur Hom alleen geld die belofte van vers 10-11 ook vir my: “Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.”

Kom ons dank God vandag opnuut vir hierdie genade dat ons verlossing nie van onself afhang nie, maar van Hom!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~